VILLIE NUUS

Laerskool Villieria

18 September 2026

Villieskompas
(Blitsskakels)

2 Administrasie (Graad R - 7)
3 Begrotingsvergadering & Personeelaangeleentheid
4 Skooldrag/ Villiesdrag & Foto's
5 Ernstige beroep aan ouers
6 Veldskool & Ouerterugvoer
7 Wollies (Omgee vir diere) & Fondsinsameling
8 Graad R (2027) & Leerderprestasies
9 Skoolklere
11 Naskoolsentrum
12 Ouertoegang tot skoolterrein & Verdaagtye
13 Sosiale Media
14 Sokkie & Kultuur
15 Sport
18 Moot Skole Gebedsoggend
19 Borge
20 Gedagte vir die week & Gebedsgroepe
21 Kontakbesonderhede
22 Advertensies

Uit die hoof se pen

Ons sê eerstens baie dankie aan ons Hemelse Vader dat Hy ons gelei en gedra het gedurende hierdie korter, maar baie besige kwartaal. Ons sê dankie aan ons personeel en leerders vir hul harde werk en deursettingsvermoë.

Baie dankie vir u as ouers/voogde se volgehoue ondersteuning en betrokkenheid by die skool – dit maak altyd 'n waardevolle verskil.

Ons wens elke gesin 'n veilige, rustige en geseënde vakansie toe. Mag julle heerlik rus, kosbare tyd saam geniet en verfris terugkeer.

"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11:28).

Administrasie (Graad R – 7)

RAPPORTE

Alle graad R- tot 7-leerders ontvang hul Rapporte vir kwartaal 3 op Dinsdag, 22 September 2026. Dit sal die laaste periode van die dag aan die leerders oorhandig word.

GEEN Rapporte word vroeër die dag aan ouers/voogde oorhandig nie. Ons maak staat op u dringende samewerking in hierdie verband. Indien ‘n kind afwesig is, sal die Rapport aan die begin van kwartaal 4 oorhandig word.

VERLAAT LEERDERS

Ons doen ‘n beroep op ouers/voogde om die skool asseblief vroegtydig in kennis te stel indien u kind(ers) Laerskool Villieria verlaat aan die einde van kwartaal 3. Stuur asseblief ‘n e-pos nie later nie as Maandag, 21 September 2026 na maria@laerskoolvillieria.co.za

Die e-pos moet asseblief die volgende inligting bevat wat op u kind(ers) se Oorplasingskaart(e) aangebring moet word vir die volgende skool:

- Datum van laaste dag wat u kind by Laerskool Villieria is;
- Rede vir oorplasing;
- Nuwe skool se naam.

SKOOL SLUIT

Die skool sluit vir kwartaal 3 op Woensdag, 23 September 2026 om 9:00 vir alle graad R- tot 7-leerders.

Ingeskrewe Villies-Naskoolleerders sal dan na die Naskoolsentrum beweeg.

SKOOL HEROPEN

Die skool heropen vir kwartaal 4 op Dinsdag, 6 Oktober 2026. Normale skoolure sal geld.

Begrotingsvergadering

Ons jaarlikse begrotingsvergadering vir ouers vind plaas op Woensdag, 21 Oktober 2026 (18:00) in die skoolsaal. Indien daar nie ‘n kworum bereik word nie, sal daar ‘n opvolgvergadering plaasvind op Donderdag, 22 Oktober 2025 (18:00) in die skoolsaal.

Parkering op die grasperk in 30ste Laan.

Personeelaangeleentheid

AFSKEID

Dit is met groot hartseer dat ons moet aankondig – twee van ons personeellede groet ons aan die einde van hierdie kwartaal.Albei het weens die feit dat hul verhuis, onderwysposte by ander skole aanvaar.

- Mej. Kayla Vermeulen het by Laerskool Villieria begin in Januarie 2020 as onderwyser-assistent (student). Sy het intussen haar studies voltooi en is sederdien as onderwyseres aangestel in die grondslagfase. Haar huidige graad 1-klassie gaan haar veral baie mis.
- Mej. Anusche Venter is by Laerskool Villieria aangestel as onderwyser-assistent (student) in Januarie 2023. Sy voltooi haar studies aan die einde van hierdie jaar.Die leerders gaan haar ook baie mis.

Ons sê baie dankie vir jul albei se harde werk, jul deernis met die leerders, jul altyd opdaag wanneer ‘n mens jul nodig gehad het en jul moeite om als ‘n sukses te maak wat jul aanpak.
Ons gebed is dat die Here jul ryklik sal seën op die nuwe pad. Ons harte is seer, maar ons is saam met julle opgewonde vir die nuwe geleenthede. Ons hele Villies-gemeenskap gaan jul baie mis.

Skooldrag/ Villiesdrag

Ons versoek ouers/voogde ernstig om toe te sien dat leerders die korrekte skooldrag aantrek. Al hoe meer leerders gebruik die verskoning dat hul klere in die was is om Villiesdrag te dra. Dit is 'n vergunning dat leerders op LO-Fisiesdae met hul Villiesdrag mag opdaag. Die leerders misbruik dit ongelukkig. Vergewis uself ook asseblief wat die skoolreëls aangaande skooldrag, juwele en skoene is. Leerders hou nie by die reëls nie wat onnodige konfrontasie veroorsaak.

Foto's

SPORT EN KULTUUR

Foto's is beskikbaar teen R55 per foto (slegs kontant). Alle gelde moet betaal wees voor of op Dinsdag, 22 September 2026.
Die volgende foto's is reeds geneem en kan by die afrigters/organiseerders betaal en bestel word:

- Krieket, sagtebal, landloop en tennis — By die onderskeie afrigters
- Koor — By juffrou M. Campbell
- Revue — By juffrou L. Van der Bank

KERSFEES EN GRAAD R - GRADEPLEGITHEID

Alle kerspakkette en graad R gradeplegtigheid foto's se gelde moet voor/op Donderdag, 22 Oktober 2026 betaal wees.

Ernstige beroep aan ouers

AFLAAI VAN ITEMS BY ONTVANGS

Ons vra dat ouers/voogde met erns die nodige verantwoordelikheid by leerders sal kweek om alles wat hul benodig vir die dag, sal saambring skool toe. Die daaglikse aflaai van items en klere deur ouers/voogde by Ontvangs wat deur leerders by die huis vergeet is, asook oproepe wat deur die skool na ouers gemaak moet word om items te bring, is kommerwekkend.

Ons verstaan dat in enkele gevalle dinge vergeet kan word, dit is menslik. Vir hierdie enkele gevalle sal die leerders voortaan dit wat aan hul gegee moet word, net voor 1ste of net voor 2de pouse ontvang. Leerders gaan nie meer deur die loop van die dag uit die klasse geroep word na Ontvangs toe om items te kom haal nie. Dit is steurend tydens klastyd en onderbreek onderrigtyd. Ons maak staat op u samewerking.

VROEËR AFHAAL VAN LEERDERS – SPORT

Geen leerder(s) gaan uit die klasse verskoon word wanneer ouers/voogde hul vroeër kom haal om na wedstryde te vertrek nie. Die dag se program is reeds so aangepas, dat die maksimum akademiese tyd benut word.
Leerders sal ALMAL verdaag op die gegewe tyd soos deur die sportorganiseerders met die ouers gekommunikeer is. Geen uitsonderings word gemaak nie.

Veldskool

GRAAD 6

Soos reeds per vorige kommunikasie verlede jaar aan u, herinner ons u aan die onderstaande.

Plek: Jubaweni
Datum: Dinsdag, 6 Oktober 2026 tot Vrydag, 9 Oktober 2026.
Koste: R2 100 per kind. (U het wel twee opsies om van te kies)

- Opsie 1: Die volle bedrag eenmalig R2 100.
- Opsie 2: Paaiemente vanaf Januarie 2026 – September 2026.

Alle gelde moet asseblief voor of op Woensdag, 30 September 2026 ten volle betaal wees. Indien u elektronies betaal in die skool se bankrekening, moet u verwysingsnommer soos volg lyk: U FAMILIEKODE en die woord VELDSKOOL.

Ouerterugvoer

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

U terugvoer is vir ons baie waardevol en sal ons help om te bepaal hoe die verskillende aktiwiteite gedurende die seisoen verloop het en waar daar geleenthede vir verbetering is. Ons nooi u daarom vriendelik uit om aan ons Ouerterugvoeropname oor die skool se buitemuurse aktiwiteite deel te neem.
Indien u kind aan een of meer as een aktiwiteit deelgeneem het, kan u terugvoer oor elke toepaslike aktiwiteit gee.Klik asseblief op die meegaande skakel om die opname te voltooi.
Die opname sluit op Woensdag, 23 September 2026 om middernag (00:00). Ons waardeer u tyd, ondersteuning en eerlike terugvoer https://forms.gle/6rbjMGJ637HT7Hvr6

Wollies (Omgee vir diere)

GRAAD 6 PSW-Projek

Ons vra asseblief aan elke graad R- tot 7-leerder (vrywilliglik), vir donasies wat ons aan Wollies kan skenk. Hul behoeftes is hondekos/katkos, ou komberse, ou handdoeke en selfs koerante.Asseblief geen kontantdonasies nie.

Alle donasies kan na meneer G. Joubert se klas gestuur word waar dit gestoor en aan Wollies oorhandig gaan word aan die einde van die 3de kwartaal.

Fondsinsameling

PICK N PAY WAVERLEY

Pick n Pay Waverley het jaarliks ‘n kompetisie vir skole in die omgewing.Ons vra vriendelik dat u Laerskool Villieria sal ondersteun wanneer u, u aankope daar doen. **Plaas asseblief u strokie in die Laerskool Villieria houer** voor in die winkel. Die wenskool staan ‘n kans om ‘n kontantbedrag te wen wat aangewend word vir die leerders se akademie.

SAKKEPROJEK

Ons sê weereens baie dankie aan elke leerder en ouerhuis se ondersteuning met ons Sakkeprojek. Met trots kondig ons die wenners aan wat die meeste sakke verkoop het.

Baie geluk aan:

- Aiden van der Westhuizen Graad 7L (1ste plek)
- Ayla Stevenson Graad 7E (2de plek)
- Luani Venter Graad 5V (3de plek)

Ons drie wenners sal verdere kommunikasie ontvang vanaf mnr. G. Joubert rakende elk se beloning.

Graad R (2027)

AANSOEK OM TOELATING

Daar is wel nog spasie beskikbaar vir aansoeke. Daarom vra ons u vriendelik om te adverteer deur middel van “word of mouth” tussen u familie, vriende, bure en kollegas.
Ons streef daarna om ons leerdergetalle vol te hou sodat ons die beste opvoeding vir ons kinders kan gee en ons skool te behou soos hy tans is.

Aansoekvorms vir graad R (2027) is steeds beskikbaar op ons webblad om af te laai en te voltooi.Aansoekvorms, tesame met al die vereiste dokumentasie, kan dan by ons kantoor ingehandig word.

Leerder Prestasies

BUITE SKOOLPRESTASIES

Indien u kind ‘n prestasie **buite skoolverband** behaal het, is u welkom om **een foto en ‘n kort beskrywing** te stuur na bemarking@laerskoolvillieria.co.za sodat dit op ons Facebook- en Instagramblad kan verskyn.
Prestasies binne skoolverband hoef u nie te stuur nie, ons as skool hanteer dit.

Skoolklere

VERLORE KLERE

Belangrike kennisgewing: Nuwe stelsel vir verlore goedere

Vanweë 'n paar uitdagings met die verlore klere wat tans op die stoep staan, het ons besluit om die stelsel op te knap sodat alles beter georganiseer en veiliger bestuur kan word.

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Vanaf September 2026 sal die kratte met verlore klere toegesluit word.
- Daar sal vanaf September elke Donderdagoggend tussen 7:00 en 8:00 iemand by die kratte wees om leerders/ouers te help om hul verlore items te vind.
- Klere wat nie gemerk is nie, kan ongelukkig nie opgeëis word nie en sal onmiddellik by die Klerebank ingeboek word om verkoop te word. Dit sal nie meer in die verlore kratte geplaas word nie.

Ons vra weer, merk asseblief u kind(ers) se klere en items duidelik met sy/haar naam EN van.

VILLIES KLEREHUB

Ons Villies KlereHub waar nuwe skoolklere verkoop word, gaan steeds normaal voort.

- Maandae tot Vrydae 7:00 – 9:00

Skoolklere

VILLIES KLEREBANK

Ons nooi alle ouers/voogde vriendelik uit om betrokke te raak deur goed opgepaste skoolklere wat nie meer gebruik word nie, aan die skool te skenk. Dit kan klere wees wat te klein geword het of wat nie meer benodig word nie. Deur hierdie skenkings, kan ons mekaar ondersteun en verseker dat elke leerder toegang het tot netjiese en geskikte skooldrag.

Die Klerebank is nie net 'n praktiese oplossing nie, maar ook 'n geleentheid om as gemeenskap saam te staan en mekaar te help in 'n tyd waar dit vir baie gesinne 'n verskil kan maak. Hierdie inisiatief bied aan ouers/voogde die geleentheid om kwaliteit tweedehandse skoolklere teen bekostigbare pryse aan te koop.

Dankie aan elke ouer wat reeds bygedra het met skenkings. Saam bou ons 'n omgee-skoolgemeenskap.

<u>Ons volgende verkoopsdag vir tweedehandse skoolklere:</u>

Woensdag, 7 Oktober 2026 16:00 – 17:30 Villies KlereHub

(Neem asseblief kennis dat ons voortaan slegs kaartbetalings kan aanvaar vir Klerebank aankope. Geen kontant kan ongelukkig aanvaar word nie).

Ingang by die hekkie in Ben Swartstraat waar die leerders soggens inkom.

Naskoolsentrum

INGESKREWE VILLIES NASKOOLLEERDERS

Ouers/ Voogde van huidige ingeskrewe Villies Naskoolleerders, word aan die volgende herinner ten opsigte van die leerders se veiligheid:

- `n **Daaglikse register** word gehandhaaf waar **leerders teenwoordig/afwesig gemerk** word.
- **Afwesigheid van 'n leerder** moet aan die naskoolsentrum deurgegee word.
- 'n Daaglikse register waar **'n ouer/voog die leerder self moet uit teken** wanneer hy/sy afgehaal word **(Geen leerder sal by die hek uitgestuur word na u voertuig voordat u nie persoonlik die register geteken het nie).**
- Leerders word by die **naskoolhekkie in 30ste Laan deur hulle ouers afgehaal.**
- **Geen leerder sal vooraf na die naskoolhok gestuur word om daar te wag om afgehaal te word nie.**
- **Slegs ouers/voogde mag die leerders by die naskool afhaal. (Indien iemand anders die leerders kom afhaal,** moet die naskoolpersoneel **skriftelik in kennis gestel word** deur die ouer/voog).
- Wanneer 'n spesifieke persoon **nie 'n leerder mag afhaal nie, moet dit op skrif aan die naskoolpersoneel gegee word.**
- Die naskool is **slegs operasioneel tot 17:30 (Stiptelik).**
- **'n Leerder mag slegs huis toe loop** nadat **skriftelike toestemming** deur die ouer/voog verleen is.
- Leerders wat aan **buitemuurse aktiwiteite van die skool deelneem na skool,** word oorbaan geneem na hul aktiwiteite deur die naskoolpersoneel en weer teruggebring na die naskoolterrein.

(**'n Brief vir kennisname aan die naskoolpersoneel** vanaf die ouer/voog wat die volgende inligting bevat: Leerder naam, van en graad, watter aktiwiteit, dae en tye wat u kind deelneem).

Ouertoegang tot die skoolterrein

Toegang na Ontvangs kan **SLEGS** verkry word deur aan te meld by die **kantoor-hekkie in Ben Swartstraat**. U sal dan bygestaan word met u navraag/ afspraak.
Kantoorhekkie: **Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).**
Geen persoon, hetsy ouer/ voog of buite - persoon word op die skoolterrein toegelaat nie, tensy per afspraak.
Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.
Ons vra vriendelik vir ouers/ voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.

Verdaagtye

Graad R	Maandae - Vrydae	13:00
Graad 1 - 2	Maandae - Vrydae	13:15
Graad 3 - 7	Maandae - Vrydae	13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesifieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

Sosiale Media

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Facebookblad:** https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/.

Ons vorige Facebookblad naamlik “Laerskool Villieria Amptelik” is nie meer in gebruik nie.

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Instagramblad**: https://www.instagram.com/laerskool_villieria?igsh=N2praXo4bDd1M2tn

Sokkie

As gevolg van die besige program en die groot aantal aktiwiteite wat gedurende Kwartaal 3 plaasvind, sal daar ongelukkig nie hierdie kwartaal 'n sokkie gehou word nie. Ons is egter verheug om te bevestig dat daar wel gedurende Kwartaal 4 'n sokkie aangebied sal word. Die datum word tans nog gefinaliseer en sal sodra dit bevestig is, aan ouers en leerders gekommunikeer word. Ons sien uit daarna om Kwartaal 4 saam met ons leerders op 'n prettige wyse af te sluit!

Kultuur

REVUE

Onthou asseblief om die skeurstrokie van die Afsluitingsbrief terug te stuur skool toe, tesame met die R55 vir die afsluitingsfunksie wat plaasvind op Dinsdag, 22 September 2026 (gedurende skoolure). Ons wil die seisoen op 'n lekker manier afsluit.

Ons junior- en senior revue groepe moet asseblief hul klere by die skool hê op Dinsdag, 22 September 2026. Hul gaan tydens skoolure die geleentheid kry om voor al die leerders op te tree en so met hul harde werk te spog.

Sport

KRIEKET

Baie geluk aan Nathan Ras wat deurgedring het tot die Titans proewe wedstryde wat by Midstream College vanaf 28 - 30 September plaasvind.

SAGTEBAL (O/10- TOT O/13-DOGTERS)

Dankie aan die sagtebaldogters en elke ouer/voog wat die 2026-seisoen moontlik gemaak het. Die Villies is topklas.
Alle dogters moet asseblief spoedig hulle sagtebaltoerusting by hul afrigters ingee. Indien ‘n mit weg of beskadig is, sal daar ‘n fooi betaal moet word.

Uitslae

Baie geluk aan ons o/13 A-span wat gister ’n welverdiende 2de plek behaal het! Ons is ook baie trots op die o/12 A-, o/12 B- en o/10 B-spanne wat elk ’n uitstekende 3de plek verower het.

Afsluiting
Ons gaan die jaar ‘n Bring-en-Braai hou op Dinsdag, 22 September 2026. Die inligting sal as ‘n uitnodiging op die groepe gestuur word. Alle ouers en sagtebaldogters is welkom. Uitstaande skeurstrokies moet asseblief teen Maandag, 21 September 2026 ingehandig wees.

Sport vervolg

7's RUGBY

Oefening

- Maandag o/11 13:00 – 14:00

Toernooie

- 18 – 19 September 2026 L/s Hermanstad
- 10 Oktober 2026 L/s Villieria
- 17 Oktober 2026 L/s Tygerpoort
- 23 – 25 Oktober 2026 Zwartkloof (Koste beloop R1 200/speler)

ATLETIEK

Ouervergadering

Daar vind 'n ouervergadering plaas op Maandag, 12 Oktober 2026 (18:00) in die skoolsaal om inligting deur te gee. Parkering op die grasperk in 30ste Laan.

Oefening

Die atletiek gaan weer in die 4de kwartaal voort met oefeninge in die oggende.

Die eerste oefening vind reeds Dinsdag, 6 Oktober 2026 plaas. (Die 1ste week se oefeninge geld nie vir die graad 6-leerders wat op Velskool is nie).

Atlete wat deelgeneem het aan die Clusterbyeenkoms van 2026 moet asseblief by die oefeninge uitkom.Atlete oefen vir toekomstige byeenkomste in die 4de kwartaal. Atlete wie privaat afrigting kry, hoef nie by die skool se oefeninge aan te sluit nie. Privaat afrigting word nie toegelaat gedurende skoolure nie.

LET WEL: Geen ouer/voog mag tydens skooloefeninge, atlete by die skool afrig nie.

Oefentye volg op die volgende bladsy.

Sport vervolg

Die oefentye vir die 2026-atletiekseisoen is as volg:

MAANDAE				
Tye	o/7 - o/9	o/10	o/11	o/12
7:30 - 8:00 (Saalperiode)		Aflos	Aflos	Aflos
DINSDAE				
6:30 - 7:00	Middelafstande (o/9)	Gewigstoot	Hoogspring	Verspring
7:00 - 7:30	Aflos	Aflos	Naellope/ Middelafstande	Gewigstoot
7:30 - 8:00	Naellope	Verspring		Spiesgooi/ Diskus
DONDERDAE				
6:30 - 7:00	Middelafstande (o/9)		Verspring	Naellope/ Middelafstande
7:00 - 7:30	Aflos	Naellope/ Middelafstande	Gewigstoot	Hoogspring
7:30 - 8:00	Naellope	Hoogspring		Spiesgooi/ Diskus

Atlete neem deel in die volgende atletiekdrag alleenlik tydens byeenkomste:

- Villiesdrag; of
- Afmou villieshemp, of
- Villies ski-pant (beskikbaar by Villies-klerehub).

Moot Skole Gebedsoggend

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Soos reeds aan u gekommunikeer per e-pos, vind ons Moot Skole Gebedsoggend weer plaas op Woensdag, 23 September 2026 by HTS John Vorster se lapa (7:00 tot 8:00).

Kom bid saam as ouers en ondersteuners van ons skole in die Moot vir die skole van die Moot. Al kan u net 'n gedeelte van die tyd bywoon, is u steeds baie welkom.

Parkering by die ingangshek in 30ste Laan. Stap dan deur die hek, reguit aan tot by die lapa op linkerkant.



Borge

Nogmaals baie dankie aan al ons borge vir die ruimhartigheid en ondersteuning.

(Pick n Pay Wonderboom Junction)

(Lone Hawk Spur)

(Postnet Wonderboom Junction)

(Superspar Wonderboom Junction)

(Kultuur borg)

(Kultuur borg)

(Kultuur borg)

(Kultuur borg)


Gedagte vir die week

Jy moet tyd maak om die wind in die gras te hoor, om in die reën te dans...
en vir altyd te glo die emmers vol genade kom net van Bo.

Gebedsgroepe

VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat ‘n hart vir gebed het, kom bid saam met ons!



Dames gebedsgroep:

In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).

Maandae 7:15 - 7:45

Vrydae 7:15 - 7:45

Volg die skakel om deel te word van die WhatsApp groep:
https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

Manne gebedsgroep:

By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).

Vrydae 7:15 - 7:45

Kontakbesonderhede



Telefoonnommer:
012 331 1100

Selfoonnommer:
068 037 5421
Slegs indien landlyn buite werking is

Naskool:
071 511 6464
naskool@laerskoolvillieria.co.za

Algemene navrae:
villiesskool@icon.co.za

Aansoek om toelating:
maria@laerskoolvillieria.co.za

Bemarking:
bemarking@laerskoolvillieria.co.za

Villies Klerehub:
klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

Finansies en Nuusbriefadvertensies:
finansies@laerskoolvillieria.co.za

Advertensies



Advertensies



https://forms.gle/xXbcCbbm77LUUkpH7

Advertensies



Anli Benzien
anli@aonanifs.com
076 - 279 6759

AONANI
FINANCIAL SERVICES



Jaco Benzien
jaco@aonanifs.com
082 - 863 1993

BELASTING
BOEKHOUDING
SALARIS PROSESSERING
FINANSIëLE STATE
CIPC NAKOMING
TRUSTS EN BOEDELS
BESIGHEIDS-REGISTRASIES
DEELTYDSE CFO

FINANSIëLE BEPLANNING
WELVAART BESTUUR
BELEGGINGS
PENSIOEN
AFTREE BEPLANNING
LEWENS DEKKING
ONGESKIKTHEIDS DEKKING
FINANSIëLE ADVIES

info@aonanifs.com
012 - 833 7044
Cunningham Avenue, Villieria, Pretoria
www.aonanifs.com